



GEREFORMEERDE KERK AKASIA

NEUTEDOPPER

VOLUME 28 NR 16
10 MEI 2020

PSALM 100:2



Dien die Here met
Blydschap

Lees: Filippense 4:10-23 (53 vert)

Kernvers: Fil.4:13 (83 vert)

Tema: God maak my innerlik sterk, om moeilike en maklike tye reg te hanteer

1. God beskik verskillende tye in my lewe
2. Ek kan elke omstandigheid hanteer
3. Ek het geestelike krag in my

Sang: Ps.134:1,4; Ps.71:9; Sb.9-3:1,2; Ps.42:3,4,5;
Sb.14-2; Ps.126:1,2,3

VERJAARSDAE *Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaië. Ps 25:4*

11/05 Juliëtte Mey	D3	0720729269
Quinton Louw	D1	0829238667
13/05 Marianné Venter	D3	0679068559
14/05 Nellie Senekal * (95)	B1	0125492121
15/05 Ingrid Meyer	A3	0828256726

Lidmate 65 jaar en ouer *



*Tannie **Nellie**, hartlik geluk met hierdie besondere verjaarsdag. Laat Heer U seën op haar daal, u guns uit Sion haar bestraal! U wat beveel en dit geskied, wil Heer U seën oor haar gebied.*

MEELEWING

Martie Strydom (D2 0824134752) het die afgelope week geval en haar arm gebreek. Sy sterk tuis aan. Ons bid vir jou dat jy heeltemal sal herstel.

MEELEWING

Vir almal in hierdie grendeltyd, veral ons medegelowiges wie se omstandighede baie verander het en nou swaar kry, is daar nie beter woorde as wat God self in sy Woord laat skryf het nie: *“U het dit gesien, want U aanskou die moeite en verdriet, sodat ‘n mens dit in u hand sal gee. Aan U gee die ongelukkige dit oor; U was ‘n helper van die wees” (Ps.10:14 – 53 vert.)*

Kerngedagtes oor hierdie woorde:

Ons leef in ‘n stukkende wêreld. Hoe duidelik wys die Covid-19-virus hierdie gebrokenheid nie vir ons nie! Die gevaar en die inperking wat ons tans moet deurmaak, en die slegte gevolge van die inperking, veroorsaak in die psalmdigter se woorde, vir ons moeite en verdriet.

God sien hierdie grendeltyd in Suid-Afrika. Hy sien jou in jou swaakry. Trouens, Hy aanskou jou swaarkry. Dit beteken Hy kyk deeglik daarna. Hy sien alles raak. Hy is jou genadige en getroue Verbondsgod wat jou liefhet. Hy is ook die almagtige God wat alles en almal regeer. Glo met jou hele hart dat God jou raaksien.

Die sekerheid dat God jou raaksien, laat ‘n gelowige die moeite en verdriet in die Here se hand gee. Die Here se hand wys op sy nabyheid, Sy hand is ook ‘n hand met groot krag, ‘n almagtige hand. Hy kan help met die moeite en verdriet. Om iets in die Here se hand te gee, is om te bid. Bid, pleit en dank God in hierdie tyd in jou gebed.

Laat die Heilige Gees jou lewe beheers. Glo vas deur die Heilige Gees dat God, jou en die omstandighede waarin jy tans is, raaksien. Bid deur die Heilige Gees met geloof en met ootmoed. Pleit by God vir uitkoms.

Leef in ‘n baie onseker tyd, met die geloofsekerheid dat al jou moeite in verdriet in God se hand is. Sy hand is deur Christus ‘n liefdevolle Vaderhand. Hy sal presies weet wat om met die omstandighede wat jou soveel moeite en verdriet gee, te doen. En...wat God sal doen, sal vir jou die beste wees!



DANKOFFER - EN LIEFDEDIENS BYDRAES

Baie dankie aan u almal vir die bydraes tot die Kerkkas sowel as vir die Diakonie se barmhartigheidwerk. Dit is deel van ons almal se gehoorzaamheid en dankbaarheid teenoor God vir Sy genade, vir ons verlossing en die materiële sowel as geestelike seënige wat ons hierdie lewe en tyd ontvang. Wees asseblief steeds nougeset in die afdra van u dankoffer - en liefdediens bydraes. Onthou om steeds die Sondag eredienste se bydraes wat u in die kollekte sakkies sou plaas, ook af te dra.

As u u bydraes nie elektronies kan doen nie, reël gerus met 'n ouderling, diaken of medelidmaat wat toe-gang tot die internet het om u bydrae elektronies namens u af te dra

BANKBESONDERHEDE

Gereformeerde Kerk Akasia

ABSA tjek rekeningnr 060340889

Kode: 632005 (Pta-Noord)

Verwys: Voorletters, Van en Wyk

Diakonie Geref Kerk Akasia

ABSA Tjek 060280649

Kode: 632005 (Pta-Noord)

Verwys: Voorletters en Van

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND: AKASIA TAK

Ons almal is seker bewus van die nadelige effek wat die Corona – virus maatreëls op die ekonomie van ons land en oor die wêreld reeds het en nog gaan hê. Ek is ook seker dat baie van ons die finansiële gevolge hiervan reeds self begin ervaar of weet van mense wat alreeds hul werk of inkomste verloor het. As begenadigdes en deel van die Kerk van Christus kan 'n mens nie onaangeraak staan teenoor die swaarkry wat 'n ander beleef nie.

Wat kan ons as lidmate van die Kerk in hierdie tyd en in die tye wat voorlê dan doen? Ek wil hiermee graag meer inligting rakende Helpende Hand se Akasia tak (waarby ek betrokke is), deurgee.

Solidariteit Helpende Hand is 'n welsynsorganisasie wat ten doel het om die Afrikaner-armoedekrisis te bestry. Nagenoeg 80% van Helpende Hand se tyd en bronne word aan die voorkoming van armoede bestee, terwyl die ander 20% aan die verligting van armoede en die verbreking van die armoedekringloop bestee word. Helpende Hand het meer as 170 takke landwyd wat die Organisasie se hande en voete in die

gemeenskap is. Hierdie takke bestaan uit vrywilligers wat die nood van Afrikaners in hulle gemeenskappe identifiseer en dit dan binne die raamwerk van Helpende Hand aanspreek.

Die Akasia tak van Helpende Hand werk in die hele gebied van die groter Pretoria-Noord. Ons is egter nie alleen nie en het met 8 ander Nie-winsgewende Organisasies hande gevat om op 'n gekoördineerde wyse in die groter Pretoria-Noord te werk. Die onderskeie organisasies is in areas ingedeel en Akasia tak werk oor die hele Pretoria-Noord gebied, buiten Wolmer.

Hoe gaan ons Tak te werk? Wanneer 'n persoon of familie by Helpende Hand aansoek doen, moet 'n 9- punt vraelys voltooi word om ons in staat te stel om moontlike hulp te mobiliseer. Helpende Hand se hoofkantoor speel hier 'n leidende rol om te bepaal of hulp wel verleen kan word. Aansoeke om hulp word sò hanteer dat 'n persoon of familie nie deur meer as een van die 8 Nie-winsgewende Organisasies byge-staan word nie.

Wat se hulp verleen ons Tak?: Die hulp is hoofsaaklik in die vorm van die hantering van aansoeke (dit behels skakeling met en uitreik na diegene wie hulp benodig) en die aflewering van kospakkies. Tans voorsien ons voedsel aan ongeveer 40 gesinne en die aanvraag vir hulp groei daaglik. Wat ander vorme van hulp betref, verwys ons die betrokkenes na Helpende Hand se Sorgsentrum te Eufeesstraat in Pretoria – Noord.

Wat kan u doen?: Benewens finansiële bydraes, kan u persoonlik betrokke raak om te help met die Tak se werksaamhede. Kontak gerus Irene Pelser (Voorsitter) by 084 941 8530 of vir my, Annamie

Rhode Island Red

Vars en gekrummelde hoender – Vis – Groente - Spek – Kaas – Botter – Eiers – Jogurt – Koffie – Beskuit – Koeksisters – Neute – Droë vrugte – Sade – Lekkers – Skoonmaak middels en vele meer



Kontak: 0721377665 / 0767545622
Facebook: Rhode Island Red Akasia
e-pos: vernonbronkhorst69@gmail.com

Kaart fasiliteite

**Rooivleis nou ook beskikbaar
teen mededingende pryse!!**